## 6 Desember - VOORSPRAAK

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1**

"'n Voorspraak" – dit is wat Jesus Christus vir u is. Maar wat beteken dit nou eintlik? 'n Mens kan dit ook vertaal met "Advokaat". Dit is 'n persoon wie se werk dit is om namens 'n beskuldigde op te tree en sy saak te verdedig.

Jesus Christus is 'n Voorspraak of Advokaat by God die Vader vir u. Jesus is nie 'n onpartydige Advokaat nie. Aan die eenkant is Hy Hoof van die liggaam waarvan u 'n lid is, en aan die anderkant is Hy die Seun van God die Vader in wie die Vader 'n welbehae het. As God se Seun by Hom pleit, wys sy Vader Hom nie weg nie, maar neem Hy dit beslis aan en verhoor Hy sy bede en pleitrede.

Johannes sê dat Jesus Christus vir u pleit, u saak verdedig. Hy verdedig u teen al die aanklagtes van sonde en ongehoorsaamheid. Omdat Jesus Christus u Voorspraak by die Vader is, vergewe die Vader u, verwerp Hy u nie om u sonde nie. Hy is om Christus wil u barmhartige Vader!

Die pleit van sy Seun is nie 'n ontkenning van u sonde, asof dit nie bestaan het nie. Jesus Christus wys sy Vader op sy lyde en sterwe as betaling van u skuld en u sonde. Dit is 'n pleit wat bevestig dat Jesus Christus ook vir u skuld betaal het aan die kruis. Ja, dat Hy u gewas het van al u sondes.

Wat 'n blye Boodskap – Jesus Christus is jou Voorspraak! Wanneer jou gewete jou aankla, jy vaskyk in jou eie nietigheid en sondige doen en late, jy wil uitroep: "Vader, ek is nie werd om u kind genoem te word nie" – onthou dan Wie vir jou pleit en intree.

Dank God die Vader dat jy mag glo Jesus Christus is jou Voorspraak.

*Sing: Psalm 48:5 (1936-beryming)* *Ds HL Stavast (Totiusdal)*